Kontak / Contact: Me. S. Thiart
Verw. / Ref. : 40/1
Adres / Address De Havilland Singel / Crescent No. 6, Persequor Technopark, Pretoria, 0020
Privaatsak / Private Bag X 135, Pretoria, 0001
Reg.no. / Reg. nr.: 1995/005404/08
BTW no. / Vat. nr.: 4300 153 790
Tel: 012-349 1910 / 012 349 1911
Faks / Fax: 012 349 1909
E-pos / E-mail: sanette@potatoes.co.za

Besoek ons by / Visit us at:
www.potatocertification.za

28 Junie 2013

Alle aartappelmoerkwekers en rolspelers

Die Nasionale Moerekomitee het op 4 Junie 2013 en die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) en die Direksie van Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) het op 5 Junie 2013 vergader, waarop ek graag die volgende aspekte onder die aandag van alle aartappelmoerkwekers en rolspelers in die moerbedryf wil bring:

Nasionale Moerekomitee

- Hiermee word u hartlik uitgenooi na die **Moerkwekersforum** gehou te word op Dinsdag, 10 September 2013. Die gala-dinee, waartydens die Bayer CropScience moerkweker van 2013 aangekondig sal word, sal die aand na afloop van die Forum plaasvind. Vanjaar se Moerkwekersforum, sowel as die Moerhandelaarsforum en Aartappels Suid-Afrika se Kongres vind plaas van 10-12 September 2013 by die O. R. Tambo Premier Hotel in Kempton Park. Die registrasievorms is beskikbaar by www.potatoes.co.za.
- Die volgende **moontlike punte vir bespreking** vir die Forum is geïdentifiseer, naamlik: die wetlike vereistes ten opsigte van knoltelling en gewig van aartappelmoere, BTW op moere, die heffing op aartappelmoere sowel as betaling van die heffing op terughoumoere, termyn van planttelersregte, koste van moerproduksie en die risiko's daaraan verbonde, asook die verteenwoordiging van die tafelprodusente op die Nasionale Moerekomitee.
- Gereelde versoeke ten opsigte van **kontakbesonderhede vir moerhandelaars en moerkwekers** word ontvang. Al hierdie versoeke word verwys na die Moerhandelaarsforum en die kontakbesonderhede van moerkwekers op ons webtuiste, aangesien ons nie produsentbesonderhede sonder toestemming aan enige derde party mag bekend maak nie. Gaan asseblief na www.potatocertification.co.za en versoek direk van die webblad af om u kontakbesonderhede op die webtuiste te plaas.

28 June 2013

All Seed Potato Growers and Role players

The National Seed Potato Committee convened on 4 June 2013 and the Independent Certification Council for Seed Potatoes (ICCSP) and the Board of Directors of Potato Certification Service (PCS) on 5 June 2013 respectively and I wish to bring the following to the attention of all seed potato growers and role players in the seed potato industry:

National Seed Potato Committee

- You are herewith cordially invited to the **Seed Growers' Forum** to be held on Tuesday, 10 September 2013. The gala dinner, during which the Bayer CropScience Seed Grower of 2013 will be announced, will take place the evening after the Forum. This year's Seed Growers' Forum, as well as the Seed Traders' Forum, and Potatoes South Africa Congress will be held from 10 to 12 September 2013 at the O.R. Tambo Premier Hotel in Kempton Park. Please visit www.potatoes.co.za for the registration forms.
- **Possible points for discussion** have been identified for the Forum, namely: Legal requirements regarding tuber count and weight of seed potatoes, VAT on seed potatoes, levy on potato seed as well as farm saved seed, term of plant breeders' rights, cost and the risks involved in seed potato production and representation of table potato growers on the National Seed Potato Committee.
- Requests regarding **contact details for seed potato suppliers and seed potato growers** are received regularly. We refer these requests to the Seed Potato Traders' Forum and contact details on our website as we are not allowed to make grower details available to any third party without their written permission. Please go to www.potatocertification.co.za to request that your contact details are placed on the website.

- Daar is kennis geneem van die **vereistes vir vooraf-verpakte produkte met spesiale toegewings vir verliese.** Aartappelmoere moet **tot sewe dae na die dag van die verpakking** steeds 25kg **weeg**. Vir aartappelmoere verkoop op **knoltelling**, mag die tekort nie meer as **2%** wees nie.

OSRA

- Die voorkoms van **spleetskurf** sal in die toekoms op die ASD-databasis aangeteken word.
- Die **Skemawysigings** wat op 26 April 2013 in die Staatskoerant gepubliseer is, asook die Protokol-wysigings wat by die vergadering goedgekeur is, sal in 'n nuwe dokument opgeneem word en as harde kopieë aan alle produsente versprei word. Die skema sal ook op www.potatocertification.co.za beskikbaar wees.

'eksie

- Die maatskappy is tans onder **finansiële druk** as gevolg van die feit dat die begroting vir die huidige boekjaar gebaseer was op registrasie-inkomste vir 10 584 hektaar waarvan slegs 9 287 hektaar moontlik gaan realiseer. Dit het tot 'n verlies aan inkomste van sowat R2.44 miljoen gelei. Aan die halfjaarlikse finansiële oorsig was dit duidelik dat al die hektare moontlik nie gaan realiseer nie en streng maatreëls is toegepas om waar moontlik koste te sny. Drie sertifiseringsbeamptes het bedank en net een beampte is weer aangestel. Verdere besparingsmaatreëls het onder andere items ingesluit soos die kansellasie van alle verdere internasionale reise, opleiding is opgeskort, reise is waar moontlik gekombineer en kantoorruimte is verminder. Ek wil u die versekering gee dat ons alles van ons kant af doen om uitgawes te beperk sonder om die diens wat ons lewer te verswak.
- Die **begroting** vir die 2013/2014 finansiële jaar is op **8 896 hektaar** gebaseer, wat die laagste is sedert 2001/2002.
- Die **dubbel-registrasiefooi** betaalbaar deur nuwe toetreders en produsente wat nie moeraanplantings vir 4 jaar geregistreer het nie, bly steeds van krag.
- Die **registrasiefooi** per hektaar verhoog van R1 335,60 tot R1 515.00 en is van 1 Julie 2013 van krag. Dit kom neer op 'n 13,4%-tariefverhoging. 5% Afslag word gegee waar kwekers eenmalig met registrasie betaal.
- Jan Nel, Johann Wethmar en Gunther Höllenbach het bedank, waarop Jaco Botes vanaf Douglas na Christiana verplaas is. Riaan Cronje is in April in die Christiana-streekkantoor **aangestel**. Ons wens hom alles van die beste toe met sy opleiding en vertrou dat hy baie gelukkig by ons sal wees.

- It was noted that the **requirements for pre-packaged products with special allowances for loss of quantity** make provision for seed potatoes to still comply with the **weight** specified for **seven days after the day of packing**. For seed sold by **count,** the deficiency may not be more than **2%**.

ICCSP

- All findings of **fissure scab** will in future be recorded on the PCS database.
- The **Scheme amendments** published in the Government Gazette of 26 April 2013 as well as the Protocol amendments approved at the meeting will be incorporated into a new document which will be distributed as hard copies to all growers. The Scheme will also be available on www.potatocertification.co.za.

Board of Directors

- The company is currently under **financial pressure** due to the fact that the budget was prepared based on a registration income based on 10 584 hectares of which only 9 287 hectares realized. This resulted in a loss of income of approximately R2.44 million. At the bi-annual financial review it was evident that all the hectares might not realise and stringent measures were applied in order to cut costs where possible. Three certification officials resigned and only one official was appointed. Amongst further savings measures were items such as cancellation of all further international trips, training was suspended, trips were combined where possible and office space was reduced. I want to give all growers the assurance that we are doing everything on our side to limit expenditure without compromising the service we deliver.
- The **budget** for the 2013/2014 financial year is based on registration fees for **8 896 hectares**, which is the lowest since 2001/2002.
- The **double registration fee** payable by new entrants and growers who have not registered seed plantings for 4 years, still applies.
- A 13.4% **tariff increase** has been approved and this increases the registration fee per hectare from R1 335.60 to R1 515 as from 1 July 2013. A 5% discount is received when payment is received with registration.
- Jan Nel, Johann Wethmar and Gunther Höllenbach resigned, upon which Jaco Botes was transferred from Douglas to Christiana. Riaan Cronje was **appointed** in April in the Christiana regional office. I wish Riaan all the best with regards to his training and trust that he will be very happy with us.

- Kennis is geneem van die feit dat mnr. Desmond Hyman, **voorsitter** van die Moerkwekersforum, Nasionale Moerekomitee en die ASD-Direksie versoek het om vir agtien maande van die maatskappy se belange verskoon te word ten einde na veranderinge in sy eie sakebelange om te sien. Hierdie aangeleentheid sal tydens die Moerkwekersforum aangespreek word, aangesien 'n nuwe voorsitter verkies moet word.

Alhoewel ons almal tans die finansiële druk voel, glo ek ons sal 'n goeie jaar hê waar goeie kwaliteit aartappelmoere geproduseer gaan word wat goeie pryse sal behaal.

Vriendelike groete

- Cognisance has been taken of the fact that Mr Desmond Hyman, **Chairman** of the Seed Potato Growers' Forum, National Seed Potato Committee and the PCS Board of Directors requested an eighteen month sabbatical from company matters in order to take care of changes in his own business interests. This matter will be addressed at the Seed Potato Growers' Forum as a new chairman will have to be elected.

Although all of us are feeling the financial strain currently, I believe that we will have a good year with good quality seed being produced fetching good prices.

Kind regards

SANETTE THIART
BESTURENDE DIREKTEUR: ASD
MANAGING DIRECTOR: PCS
Save as: Tikwerk/Sanette/Amelia/ST752